

18 Oktober

Skrifgedeelte: Prediker 4 – 6 (OAV)

Fokusgedeelte: Prediker 5:17-19

Vreugde te midde van frustrasies in die lewe

Ons leef in 'n Genesis 3 wêreld. Dit is 'n wêreld wat sug onder die las van die vloek van die val van Adam en Eva. Ons sug saam onder hierdie las (Rom 8:22-23). Tog is dit in hierdie wêreld waar God ons roep om te leef. En ons moet realisties oor die lewe hier wees, want dit sal ons nie alles bied nie. Seën beteken nie net voorspoed nie, maar ook diensbaarheid. Ons aandag moet daarom in alles op Jesus Christus gerig wees, want Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof.

Frustrasies is deel van die lewe. Die vraag is hoe ons daarop reageer. God se opdrag in ons fokusgedeelte is: Geniet die lewe, dit is 'n gawe van God. Wie blydschap in die Here het, het nie kans om 'n smartvraat te wees nie.

In ons Skrifgedeelte beskryf die Prediker sewe dinge wat frustrasies bring. Dit is dinge waarmee ons daaglik te doen kry en wat spanning en verwarring bring. Hierdie frustrasies is onderdrukking, werk, om sonder 'n maat te wees, vriende wat nie lojaal is nie, godsdiens, politieke korrupsie en geld. En om hierdie frustrasies reg te hanteer, moet ons bokant dié wêreld onder die son uitstyg. Ons moet uitsig kry op die ewige dinge, want dit sal ons in staat stel om te midde van die daaglikse frustrasies sinvol en vreugdevol te leef. Die Heilige Gees hou hiervoor ons geestesoë oop. Dien God, die Gewer van alle gawes. In Jesus Christus het Hy aan ons die gawe van die volle lewe gegee. Ons status, ons mag en ons vreugdes lê in Hom.

Sing: Psalm 37:1,2,3,4

Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)